

2.2 Debiteure:

'n Besigheid mag besluit om slegs kontant te verkoop of om ook op krediet aan kliënte te verkoop. Beide kontantverkope en kredietverkope het sekere voordele:

Voordele van kontantverkope:

- Die besigheid ontvang dadelik die kontant.
- Geen risiko van slegte skulde nie.
- Geen addisionele administratiewe uitgawes om rekord te hou van debiteure en hoeveel elk skuld nie.
- Geen kostes om elke maand state aan debiteure te stuur om hulle te herinner om te betaal nie.

Voordele van kredietverkope:

- 'n Groter omset (meer verkope), want daar kan verkoop word aan mense wat nie dadelik kontant het om te betaal vir die voorraad nie. Dit mag lei tot groter winste.
- Kliëntelojaliteit omdat hulle op krediet kan koop.

Dit is baie belangrik dat die onderneming goeie beheer moet uitoefen oor wie toegelaat word om op krediet te koop en wat elke debiteur se kredietlimiet is. Die volgende proses kan gevolg word om debiteure se kredietwaardigheid te bepaal:

- Die voornemende debiteur sal gevra word om 'n kreditaansoekvorm te voltooi. Op hierdie vorm sal persoonlike besonderhede soos die volgende gevra word:
 - Volle name
 - ID-nommer
 - Kontaknommers
 - Woonadres
 - of die eiendom besit word vs gehuur word
 - hoe lank die persoon al daar bly
 - Werkgewer
 - hoe lank die persoon al daar werk
 - salaris (dit sal geverifieer word deur te vra vir 'n salarisstrokie of deur die werkgewer te bel)
 - Besonderhede van ander plekke waar daar al op krediet gekoop is om uit te vind of gereeld betalings gemaak word. Die kredietburo kan ook in die verband gekontak word om uit te vind of die persoon al op 'n swartlys van slegte betalers geplaas is.
 - Besonderhede oor ander laste wat maandeliks betaal moet word om vas te stel of die maandelikse paaiement bekostig kan word.
 - **LW:** Daar kan 'n Algemene Verslag van die voornemende debiteur se bank aangevra word om uit te vind of die persoon se tjeeks al geweiier is (as die persoon 'n tjekrekening het). Sommige besighede vra ook vir 'n paar maande se bankstate, maar nie alle mense is altyd gewillig om hulle bankstate te gee nie, aangesien hulle voel dit is persoonlik.

- Nadat al bogenoemde nagegaan is, sal 'n kredietlimiet aan die debiteur toegeken word. Dit is die maksimum bedrag waarvoor die debiteur mag koop.

2.2.1 Belangrike terme:

- Debiteur: 'n Persoon of ander besigheid wat by ons op krediet gekoop het en dus die geld aan ons besigheid skuld.
- Faktuur: Ons gee die oorspronklike faktuur aan die debiteur wat by ons koop en gebruik die duplikaatfaktuur as brondokument om aan te teken dat goedere op krediet verkoop is.
- Debiteurejoernaal: 'n Kredietverkoopstransaksie word in 'n spesiale hulpjoernaal, nl. die Debiteurejoernaal aangeteken. Die brondokument is 'n duplikaat kredietfaktuur.
- Debiteure-afslagjoernaal: As die debiteur goedere terugstuur of die debiteur is te veel gevra op die faktuur, word die transaksie in die debiteure-afslagjoernaal aangeteken.
- Debiteuregrootboek: 'n Hulpgroutboek waar daar 'n aparte rekening vir elke debiteur op datum gehou word deur onmiddellik alle verkope, terugsendings deur die debiteur en ontvangstes (betalings deur debiteure) aan te teken, sodat daar op enige gegewe tydstip presies bepaal kan word hoeveel deur elke debiteur verskuldig is.
- Debiteurelys: 'n Lys van elke debiteur se finale saldo aan die einde van die maand. Dit word opgestel deur die finale saldo van elke debiteur in die debiteuregrootboek te gebruik.
- Debiteurekontrolerekening: 'n Opsommende rekening waarheen die totale van al die relevante joernale oorgeboek word, sodat daar aan die einde van die maand bereken kan word hoeveel deur al die debiteure in totaal verskuldig is.
- Bedryfsbate: 'n Debiteur is 'n bedryfsbate, omdat die rekening gewoonlik binne drie tot ses maande deur die debiteur betaal moet word.

Kom ons bekyk die Debiteurejoernaal, Debiteure-afslagjoernaal en Debiteuregrootboek van nader:

Debiteurejoernaal van << NAAM VAN BESIGHEID >> vir << MAAND EN JAAR >>						DJ
Dok	Dag	Besonderhede van Debiteur	Fol	Verkope	Koste van Verkope	

Debiteure-afslagjoernaal van << NAAM VAN BESIGHEID >> vir << MAAND EN JAAR >>						DAJ
Dok	Dag	Besonderhede van Debiteur	Fol	Debiteure-afslag	Koste van Verkope	

Die Debiteuregrootboek lyk soos volg:

Debiteuregrootboek <>NAAM VAN BESIGHEID></th>						
Datum	Besonderhede	Fol	Debiet (+)		Krediet (-)	Saldo

2.2.2 Aanteken van transaksies wat verband hou met Debiteure:

So lyk die inskrywings in die Debiteurejoernaal, Debiteure-afslagjoernaal, Kontantontvangstejoernaal, Debiteuregrootboek en in die Algemene Grootboek:

Die volgende inligting is geneem uit die finansiële rekords van Manyane Kleinhandelaar vir Junie 2015. Neem in ag dat die onderneming 'n winsopslag van 50% op kosprys handhaaf.

Saldo's op 31 Mei 2015:

Lys van Debiteure:

D1	Leon Leeuman	R8 750
D2	Sam Seemeeu	R1 460
D3	Olivia Olifant	R9 385

Algemene Grootboek:

Debiteurekontrole	R19 595 (LW: Die drie debiteure se saldo's bymekaar getel)
Handelsvoorraad	R90 000

Transaksies vir Junie 2015:

- 3 Sam Seemeeu betaal 10% van sy rekening. Kwitansie 298 word aan hom uitgereik.
- 10 Verkoop handelsvoorraad met 'n oorspronklike kosprys van R7 000 aan Olivia Olifant. Faktuur 77 word aan haar uitgereik.
- 11 Kredietverkope aan Leon Leeuman beloop R14 400 volgens die faktuur.
- 13 Sam Seemeeu koop voorraad ter waarde van R10 050 op krediet.
- 17 Leon Leeuman betaal sy rekening soos op 1 Junie.
- 25 Olivia Olifant koop R4 800 se handelsvoorraad en betaal kontant. 20% handelskorting word aan haar toegestaan.
- 26 Olivia Olifant stuur handelsvoorraad met 'n oorspronklike kosprys van R1 000 wat sy op die 10e gekoop het, terug. Reik kredietnota 33 aan haar uit.
- 30 Olivia Olifant vereffen haar rekening deur 'n EFO te maak.

Debiteurejoernaal van Manyane Kleinhandelaar vir Junie 2015						DJ
Dok	Dag	Besonderhede van Debiteur	Fol	Verkope		Koste van Verkope
77	10	Olivia Olifant	D3	10 500	-	7 000
78	11	Leon Leeuman	D1	14 400	-	9 600
79	13	Sam Seemeeu	D2	10 050	-	6 700
				34 950	-	23 300

Debiteure-afslagojoernal van Manyane Kleinhandelaar vir Junie 2015

DAJ

Dok	Dag	Besonderhede van Debiteur	Fol	Debiteure-afslag	Koste van Verkope
33	26	Olivia Olifant	D3	1 500	-
				1 500	-

Kontantontvangstejoernal van Manyane Kleinhandelaar vir Junie 2015

KOJ

Dok	D	Besonderhede	Fol	Ontleding van Ontvangste	Bank	Verkope	Koste van Verkope	Debiteure-Kontrole	Diverse		
									Bedrag	Fol	Besonderhede
298	3	Sam Seemeeu	D2	146	-	146	-		146	-	
299	17	Leon Leeuman	D1	8 750	-	8 750	-		8 750	-	
KRR	25	Verkope		3 840	-	3 840	-	3 840	3 200	-	
BS	30	Olivia Olifant	D3	18 385	-	18 385	-		18 385	-	
					31 121	-	3 840	3 200	-	27 281	-

Debiteuregrootboek van Manyane Kleinhandelaar									
Leon Leeuman D1									
Datum		Besonderhede		Fol	Debit (+)		Krediet (-)		Saldo
Jun	1	Rekening gelewer							8 750 -
	11	Faktuur 78	DJ		14 400	-			23 150 -
	17	Kwitansie 299	KOJ				8 750	-	14 400 -
Sam Seemeeu D2									
Jun	1	Rekening gelewer							1 460 -
	3	Kwitansie 298	KOJ				146	-	1 314 -
	13	Faktuur 79	DJ		10 050	-			11 364 -
Olivia Olifant D3									
Jun	1	Rekening gelewer							9 385 -
	10	Faktuur 77	DJ		10 500	-			19 885 -
	26	Kredietnota 33	DAJ				1 500	-	18 385 -
	30	Bankstaat	KOJ				18 385	-	- -

Algemene Grootboek van ...									
Balansstaatafdeling									
Debiteurekontrole B 1									
Jun	1	Saldo	a/b	19 595-		Jun	30	Bank	KOJ
	30	Verkope	DJ	34 950-				Debiteure-afslag	DAJ
								Saldo	o/b
				54 545-					25 764-
Jul	1	Saldo	a/b	25 764-					54 545-
Handelsvoorraad B2									
Jun	1	Saldo	a/b	90 000-		Jun	30	Koste van Verkope	KOJ
	30	Koste van Verkope	DAJ	1 000-				Koste van Verkope	DJ
								Saldo	o/b
				91 000-					64 500
Jul	1	Saldo	a/b	64 500-					91 000-
Bank B3									
Jun	30	Totale ontvangstes	KOJ	31 121-					

Nominale afdeling										
Verkope N1										
						Jun	30	Bank	KOJ	3 840-
								Debiteurekontrole	DJ	34 950-
										38 790-
Debiteure-afslag N2										
Jun	30	Debiteure- kontrole	DAJ	1 500-						
Koste van Verkope N3										
Jun	30	Handels- voorraad	KOJ	3 200-	Jun	30	Handelsvoorraad	DAJ	1 000-	
		Handels- voorraad	DJ	23 300-			Totaal	o/b	25 500-	
				26 500-					26 500-	
Jule	1	Totaal	a/b	25 500-						

Lys van Debiteure op 30 Junie 2015

D1	Leon Leeuman	R14 400
D2	Sam Seemeeu	R11 364
D3	Olivia Olifant	R - .
		<u>R25 764</u>